

Dinsdag 23 Maart

Skrifgedeelte: Levitikus 16:29-34

Fokusgedeelte: Levitikus 16:34a

My lewe – ware verootmoediging voor God in sy heiligheid

Levitikus 16 beskryf aan ons in die fynste besonderhede die opdrag wat die Here deur Moses aan Aäron, die dienende hoëpriester, gegee het oor hoe versoening vir die sonde van die Israeliete gedoen moes word. Na aanleiding van die gebeure wat gelei het tot die dood van Aäron se twee seuns toe hulle 'n offer aan die Here wou bring, het die Here die opdrag aan Moses gegee.

Dit was nodig, want die heiligheid van God en sy voorskrifte is mettertyd in Israel se godsdienst geminag en verwater. Aäron se seuns het sommer gemaak soos hulle wil. Geen ontsag, geen verootmoediging. Vir hulle net nog 'n "sommer maar net"-handeling. Daarom hoor Aäron *"... hy mag nooit sommer in die heiligdom agter die voorhangsel ingaan na die deksel van die verbondsark toe nie. Ek verskyn telkens in 'n wolk bokant die deksel van die ark en as Aäron sommer ingaan, sal hy sterwe."*

'n Lewe voor God in sy heiligheid is nie "sommer" nie. Dit vra ware nadenke oor dit waarmee ons besig is. Besig wees soos God dit van ons vra. Nie sommer iets uitlaat of verander; bietjie aanpas en vinniger, makliker maak nie. Dit was duidelik uit die opdrag aan Aäron. Dit het egter nie net hom ingesluit nie. Dit het die hele volk geraak en hulle is daarby betrek. Almal moes dit as 'n vaste instelling handhaaf. Hulle moes vas en alle werk staak. Hulle moes besef dat dit die "rusdag van alle rusdae" is. Dit wat heenwys na die versoening van alle versoenings wat aan die kruis en deur die graf heen, in Christus vir ons bewerk is. Nie sommer net nie. Die Heilige Gees roep en lei ons elke dag tot 'n lewe van dankbare verootmoediging voor God in sy heiligheid.

Sing: Psalm 25-1:2

Ds. MP Fourie (Emeritus)